Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **45**

**TYD:** **1 uur**

* 9 A F A L 3 *

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   **AFDELING A**: OPSTEL (30 punte)

   **AFDELING B:** LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (15 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Skryfstukke moet beplan, geredigeer en geproeflees word. Maak gebruik van ŉ vloeidiagram / kopkaart / sleutelwoorde. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat die finale produk geskryf is.

6. Nommer elke geskrewe teks volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

7. **Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel of opskrif**. Lees die instruksies by elke vraag oor die titel noukeurig deur.

8. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan die skryfstuk neer.

   **LET WEL**: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.

9. Riglyne vir tydsbeplanning:

   **AFDELING A**: 35 minute
   **AFDELING B**: 25 minute

10. Dit sal tot jou voordeel strek indien jou werk leesbaar en netjies is.

11. Skryf in die taal wat geassesseer word.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

### INSTRUKSIES

- Kies EEN vraag en skryf 210 – 250 woorde oor die onderwerp (4 – 8 paragrawe).
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

1.1 Dis so maklik om te kla, maar deur te dink aan dit waarvoor jy dankbaar is, kan jy vinnig jou glimlag terugkry.
Skryf 'n opstel waarin jy vertel waarvoor jy dankbaar is.

**Titel**: Ek is dankbaar vir ... **[30]**

1.2 Is jy trots om die Oos-Kaap jou provinsie te noem?
Indien wel, skryf 'n opstel waarin jy vertel waarom jy so trots is om die Oos-Kaap jou provinsie te noem.

**Titel**: My provinsie – OOS-KAAP! **[30]**

1.3 Elke mens is anders.
Vertel in 'n opstel wat jou anders as jou maats maak.

**Titel**: Dit is ek.

1.4 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n **opstel** daaroor.
Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet by die kern van die prent pas.

1.4.1




[Uit: http://www.google.com] **[30]**

1.4.2



[Uit: http://www.google.com] **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN vraag en skryf 140 – 160 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **E- POS**

Skryf ’n e-pos aan jou maat en sê dat jy jammer is dat jy haar/hom nie ondersteun het toe jou klasmaats haar/hom gespot het oor haar/sy swak toetspunte nie.

Gebruik die e-pos formaat op die volgende bladsy. **[15]**

2.2 **INSTRUKSIES**

Verduidelik in ongeveer 8 – 10 stappe hoe jy jou gunstelingtoebroodjies vir skool maak. **[15]**

2.3 **DIALOOG**

Jy sê aan jou ma dat jy ’n baie suksesvolle Graad 9-jaar gehad het en jy glo dat jy ’n baie spesiale geskenk verdien.

Skryf julle gesprek in **DIALOOGVORM** neer. **[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 15**
**GROOTTOTAAL: 45**

**VRAAG 2.1 E-POS**

**(Skeur af en handig in)**

**Naam:**________________________________________

**Aan :**________________________________________

**Cc :**________________________________________

**Onderwerp:**__________________________________

**[15]**

Kopiereg voorbehou